

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za

7 NOVEMBER 2025 - JAARGANG 57-1701 R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
5 November 2025 - 91.79%
5 November 2024 - 97.54%
Reënval vir die week:
Geen

MBD
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Streek lewer provinsiale wenner



OTPV kategorie-wenners het aan die Wes-Kaap Landbouwerker van die Jaar kompetisie deelgeneem. Lees die volledige berig op bl. 3.
Foto: Annemarie Munnik.

Lees binne:

Sakekamer
veiligheids-
praatjie
bl 2

Biblioteke
gee
om
bl 5

Lutzville
Golfklub
40 jaar
bl 8

Weervoorspelling vir die week
MBD
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Don. 06/11 19°/38°	Vry. 07/11 19°/41°	Sat. 08/11 21°/38°	Son. 09/11 18°/35°
Ma. 10/11 15°/36°	Di. 11/11 16°/34°	Wo. 12/11 18°/35°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 5 Nov. 2025

Applications for 2026 are open!

APPLY ONLINE NOW FOR ANY OF THE FOLLOWING PROGRAMMES:

- Occupational Certificates and CoS
- NATED / REPORT 191 (N4-N6)
- National Certificate (Vocational) - NC(V)

NSFAS BURSARIES AVAILABLE

Central Office
022 482 1143
www.westcoastcollege.co.za

Atlantis Campus 021 577 1727
Citrusdal Campus 022 921 2457
Malmesbury Campus 022 487 2851
Vredenburg Campus 022 713 3167
Vredendal Campus 027 213 5673

West Coast College
Institute of Excellence

Westcoastcollege

@westcoasttvvetcollege

West Coast TVET College

Report Fraud
wccethics@gmail.com

AKTUELE NUUS

Sakekamer bied veiligheidspraatjie aan

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Clanwilliam Sakekamer het op Woensdag, 29 Oktober om 18:30 'n praatjie in die Blomkerk gehou. Die tema was: Maak Clanwilliam Veilig. Luitenant-kolonel Uys van der Westhuijzen het as gasspreker opgetree. Hy dien op Agri-Wes-Kaap se Landelike Veiligheidskomitee vir Swartland Munisipaliteit.

Van der Westhuijzen vertel dat Malmesbury 'n veilige dorp was, totdat daar 9 jaar gelede 'n groot groep gevangenes ontsnap het. Op daardie dag was daar geen strukture in plek, maar is gou opgestel en hulle kon binne 36 uur al die ontsnptes aankeer.

Hy waarsku dat dwelmsmokkelaars en misdadoortreders na kleiner plattelandse dorpie uitwyk. Sy vraag is: "Is ons, ons eie vyand?" Mense moet leer om met mekaar te praat en uit te reik om hul dorpe te beveilig. Hy sê indien jy 'n veilige omgewing het, kry jy investering in jou dorp, maar ook andersom.


Clanwilliam inwoners kan nie net op Clanwilliam fokus nie. Statistieke toon tans dat daar 25 SAPD kantore in Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) is, met 781 operasionele lede wat aangewend word om die hele area te beveilig. Sedert 2021 het dorpe ongekende groei beleef, maar die SAPD lede het nie daarvolgens aangepas nie. In die hele WKDM is 'n tekort aan 45 lede. Daar is tans 1 lid vir elke 629 inwoners. Clanwilliam SAPD het 2 voertuie wat per dag diens doen. Verder lê die dorp langs die N7 en wanneer daar 'n ongeluk is, is die 1 voertuig daar en as daar 'n moord is, is die ander voertuig daar. Geen ander voertuig is dan beskikbaar vir ander noodgevallen nie. Verkeerspersoneel in Cederberg-area is opgedeel soos volg: 4 by Clanwilliam en Graafwater gestasioneer, Citrusdal 2, Lambertsbaai en Elandsbaai 3. Wetstoeppers is uitgeplaas soos volg: Clanwilliam en Graafwater 4, Citrusdal 2, Lambertsbaai en Elandsbaai 3. Cederberg Munisipaliteit het 35 operasionele lede wat die hele area moet bedien. Hy noem dat die twee grootste probleme in die distrik aanranding en ernstige aanranding is. Daaronder val verkragtings en mishandeling wat toeneem. Faktore wat hiervoor verantwoordelik is, is drank en dwelms. Dié twee faktore lei tot die toename van dwelmmisbruik, diefstal, inbrake en huisgeweld.

Van der Westhuijzen sê met die 2026 verkiesing op hande gaan daar optogte

en stakings wees en mense gaan vir goed aangekla word wat hulle nie gedoen het nie. Hy waarsku dat niemand 'n verklaring moet aflê sonder dat sy/haar prokureur teenwoordig is nie. Daar gaan ook optogte oor dienslewering en grondhervorming wees. Grondhervorming het reeds in KwaZulu-Natal begin.

Misdad kan toeneem. Diewe fokus op sagte teikens soos huise. Maak jou erf so dat diewe nie daar wil oortree nie. Diewe breek in as hulle weet daar is kontant, juwele of elektroniese apparaat of iemand woon alleen in die woning. Hy sê geen palissades, hoë drade of elektriese heinings is meer voldoende nie. 'n Kamera wat nie 'n alarm uitstuur nie, beteken niks. Van der Westhuijzen stel voor dat gemeenskappe in wyke verdeel en strukture in plek kry. Stel iets saam waarby inwoners kan inpas en deel wees van byvoorbeeld 'n WhatsApp-groepie sodat almal weet wat in hulle straat of wyk aangaan. Volgens hom is die beste oë en ore 'n bejaarde wat by die huis sit en weet wat in die straat aangaan. Dis goed om aan te sluit by patrollies, maar dit help nie 'n patrollievoertuig ry om 20:00 nie. Ry in die nag wanneer diewe toeslaan. Wyk af van gereelde ure patrollies doen. Werk saam met die SAPD. Maak 'n lys van persone wat jy kan kontak in geval van nood, indien die SAPD se lyne nie werk nie.

Pas die "Broken Windows" teorie toe. Indien 'n venster stukkend is, maak dit reg. Meld "petty crime" soos urinering in die publiek, dronk op staat lê, ensovoorts aan. Wees betrokke in die gemeenskap.



Luitenant-kolonel Uys van der Westhuijzen.



Adjutant-offisier Kobus van der Westhuizen, sersant Peter Farmer en kaptein Gerrit Ludick.

Gesogte trofee kry nuwe baas

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vir die 2 de kwartaal van 2025/2026 het die stasiebestuur van Vanrhynsdorp SAPD besluit om die gesogte Allan Kotze wisseltrofee aan niemand anders as sersant Peter Farmer te oorhandig nie.

Adjutant-offisier Kobus van der Westhuizen, Vispol-hoof beskryf sy leiding op C-skof as fenominaal. Volgens kaptein

Gerrit Ludick was hy en sy skof ook altyd die eerste om hul gewenste mikpunte te bereik as dit kom by doelwitte vir die maand.

"Dié prestasie in Vanrhynsdorp is 'n besonderse eer en dien ter motivering van elke liewe lid op die stasie met baie toegewydheid," aldus Ludick.

Uitnodiging aan publiek

Berig: Annemarie Munnik

KOEKENAAP: Lutzville SAPD nooi die gemeenskap uit na 'n Imbizo in die gemeenskapsaal, Woensdag, 12 November om 19:00. Kaptein Lena van der Westhuizen moe-

dig graag die landbouprodusente aan om dit ook by te woon. Dit gaan handel oor die misdaad wat tans in Koekenaap plaasvind en toeneem.

Diefstal op plase in Klawer

Berig: Verskaf

KLAWER: 'n Nege en veertigjarige man het Maandag, 3 November in die hof verskyn op aanklag van diefstal vanuit 'n voertuig. Hy het tussen Donderdagaand en Vrydagoggend twee vragmotor batterye op die plaas Uitkoms gesteel.

Nog twee persone van 25 en 47 jaar oud is Saterdag, 1 November omstreeks 07:30 aangekeer. Dit nadat hulle drade op 'n plaas in die omgewing geknip het en pale gesteel het. Hulle het ook Maandag in die hof verskyn.



November Spesiale Aanbiedings!!

Tel: 087 149 3569

WhatsApp 072 252 3747/081 049 9201/083 955 3964

Maskam Wapens het alles wat jy nodig het! Kom besoek ons gedurende die maand van November vir ongelooflike spesiale aanbiedinge op **gewere, ammunisie, bykomstighede en jagtoerusting.**

Groot afslag op top-handelsmerke
Beperkte voorraad – moenie dit misloop nie!

Kom loer in by Maskam Wapens en kry die beste pryse, die beste diens. Hou ons sosiale media dop vir pryse.



DAMESOGGEND
NG Kerk Clanwilliam
Germandt

Zuleka

15 November 2025
NG KERKSAAL CLANWILLIAM

Kaartjies beskikbaar by:
Kerkkantoor: 027 482 1231
Marilie: 083 446 2599

R150pp 9:00am
Sluit in verversings
Koffie, Tee & Sap

Jy is goed genoeg!

HOOF NUUS

Bedrog eindig in vryspraak na sewe jaar

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Ons Kontrei het in die uitgawe van 27 April 2018 berig dat lede van die Valke, Direktooraat van Prioriteitsmisdade en die Wes-Kaapse Departement van Transport en Publieke Werke Moniteerings Eenheid op 25 April 2018 by die munisipale verkeersafdeling toegeslaan het. Een man is gearresteer en is aangekla vir Bedrog en Korupsie.

Na 'n uitgerekte regsproses van sewe jaar en ses maande is Andre Dirkse en Rayven Carstens op Vrydag, 31 Oktober in die Vredendal Streekshof vrygespreek op alle aanklagte van bedrog en korupsie.

Streekslanddros H Smit het uitspraak gelewer ingevolge Artikel 174 van die Strafproseswet 51 van 1997, wat bevind dat daar onvoldoende getuienis is om 'n skuldigbevinding te verseker.

Die hof het spesifiek bevind: Geen moontlikheid van skuldigbevinding: Daar is geen moontlikheid van skuldigbevinding nie, behalwe as Dirkse en Carstens hulself sou inkrimineer. Kredietwaardigheid van getuies: Die hof het bevind dat die geloofwaardigheid van die staatsgetuies nie in geskil is nie. Onvoldoende skakelende getuienis: Daar is bevind dat geen getuienis Dirkse aan enige van die aanklagte kon koppel nie. Swak getuienis teen Carstens: Die getuienis teen Carstens is as van so swak gehalte beskou dat dit nie betroubaar is nie.

Beide beskuldigdes is gevolglik onskuldig bevind en vrygespreek op alle klagtes.

Dirkse het sy dank uitgespreek teenoor sy regsverteenvoerder, Jaco Krouwkam van Krouwkam Prokureurs, vir sy uitstekende hantering van die saak vir die volle duur. Hy het na beraming R258 000 aan

regskoste bestee.

Die uitspraak bring verligting aan Dirkse, wat te kenne gegee het dat die jarelange proses hom vele werkseleenthede ontnem het. Hy is sedert 2018 ook gewikkel in 'n aparte saak by die arbeidshof tussen hom en Matzikama Munisipaliteit wat spruit uit dieselfde klagtes.

Dirkse het reeds sy regsverteenvoerder opdrag gegee om prosesse vir 'n kwaadwillige vervolging en litigasie (siviele eis) teen die staat (die Valke), die Matzikama Munisipaliteit, die destydse munisipale bestuurder (2018) en die voormalige verkeershoof van Matzikama Munisipaliteit in hul persoonlike hoedanigheid, van stapel te stuur.

Hy het verder sy vriende en familie bedank vir hul onwrikbare ondersteuning en gebede. Dirkse het ook 'n kriptiese verwysing na sy "samesweerders" gemaak vir

die lewenslesse wat hy uit hierdie ervaring kon put.



Andre Dirkse en sy regsverteenvoerder, Jaco Krouwkam.

Olifantsrivier spog met provinsiale winners

Berig: Annemarie Munnik
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die kategorie-wenners van die Olifantsrivier Tafeldruif Producentse Vereniging (OTPV) het op Saterdag, 1 November die Wes-Kaap Landbouwerker van die Jaar geleentheid by Eureka Estate te Durbanville bygewoon. Die kompetisie bestaan uit elf kategorieë regoor die landbouwaardeketting, insluitend algemene werker, besproeiings spesialis, diereproduksie en middelbestuur.

Elke streek identifiseer ook 'n Beste Potensiaal en 'n Streekswenner, wat 'n hoogtepunt bereik het met 167 finaliste wat deelgeneem het aan die finale provinsiale ronde wat op 30 September by Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut gehou is.

Vanjaar spog die OTPV met een kategorie-wenner en een 3de plek op provinsiale vlak. Ngonidzanhe (Chief) Nyaunga van Sigma Farming op Trawal het die Voorman-kategorie gewen en André (Trompie) Mentoer van Piekenierskloof Vruchte ook op Trawal, het 'n 3de plek behaal.

Doktor Ivan Meyer, Wes-Kaapse Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, het die finaliste en wenners geluggewens en gesê: "Landbouwerkers is die hartklop van ons provinsie se landbou-ekonomie. Hul toewyding handhaaf voedselsekerheid, ondersteun ons ekonomie en bou veerkragtige landelike gemeenskappe. Deur die Prestige Agri-toekennings vereer ons hierdie hardwerkende mans en vroue wie se bydraes verseker dat die Wes-Kaap voortgaan om te groei, te innoveer en die nasie te voed."



Ngonidzanhe (Chief) Nyaunga.



André (Trompie) Mentoer.

Oplettendeheid lei tot goeie arrestasie

Berig: Verskaf

VREDENDAL/VANRHYNSDORP: Die eienaar van Vredendal Fisheries regoor Vredendal SAPD het Donderdag, 30 Oktober om 21:00 sy besigheid gesluit en vir die aand huis toe gegaan. Die volgende dag omstreeks 07:30 het hy weer oopgesluit en gevind die een sydeur staan oop. Hy sien toe daar is ingebreek en 'n groot hoeveelheid kontant en 'n selfoon is gesteel. Konstabels Elroy Rhaman en Marcia Sias van Van-

rhynsdorp SAPD het op Vrydag, 31 Oktober misdaad voorkomingspatrollies in hul stasiewyk gery. Hulle het toe twee jong mans gewaar met geld in hul besit. By verdere ondersoek is vasgestel dat daar by 'n bekende besigheid in Vredendal ingebreek is die vorige nag en dat hulle na Vanrhynsdorp gekom het met die buit. Die een het reeds na Vredendal geryloop toe die ander een gearresteer is

terwyl hy besig was om die gebuete selfoon te laat regmaak.

Beslag is gelê op R24 000 kontant, sowel as verskeie waardevolle items in sy besit. Die verdagte het Maandag, 3 November in die hof te Klamer

verskyn en is tans in hegtenis te Vanrhynsdorp Gevangenis.



Portfire
Privaat Portefeuljes | FSP 50779

De Vleistraat 10, Clanwilliam, 8135

Ons Dienste & Produkte

- Staatsdiens Pensioenfonds (GEPF)
 - Advies • Aftreebeplanning
 - Beleggings • Persoonlike Versekering • Bateversekering
 - Besigheid Versekering
 - Reisversekering
- Gapingsdekking (Gap Cover) vir mediese fondse • Boedelbeplanning
- Testamente

Kontak ons spesialis adviseurs by:
082 375 2247 - Hendrik le Roux
082 556 3403 - Esterbeth Singels

Portfire Privaat Portefeuljes (Pty) Ltd is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste. FSP nommer 50779.

Staatsdiens-amptenare kry ekstra GEPF-aftreevoordele

Die Staatsdiens wil senior amptenare uit diens stel. Enige amptenaar ouer as 55 kan aansoek doen. Senior amptenare het nou 'n unieke kans om hul aftreebeplanning te her-evalueer.

'n Spesiale Weskus advieskantoor vir GEPF-navrae is deur Portfire Privaat Portefeuljes (Pty) Ltd vir die duur van November opgerig. Hendrik le Roux, een van die geakkrediteerde spesialiste by Portfire vir hierdie GEPF-adviesdiens, sê: "Nou is daar 'n oplossing vir die Weskus amptenare met 'n whatsapp diens, en 'n een-tot-een konsultasie."

Die reëls van die GEPF (Staatsdienspensioenfonds) is vir die gewone lid Grieks. Goeie kennis oor die voordele en aansoekproses maak dit makliker om te kies tussen aftrede en bedanking.

Die aanbod vir vervroegde pensioen bied tot twee weke ekstra diensjare vir diensjare langer as twintig jaar en tot een week vir kortertydperke. Die lid wat die pakket aanvaar, kan dus heelwat beter daaraan toe wees.

"Iemand wat nou die staatsdiens vroeër wil verlaat, het dus 'n goeie geleentheid om op jonger ouderdom die droom van 'n ander loopbaan of nuwe beroep te begin" se mnr. Le Roux.

Die sluitingsdatum vir aansoek is 30 November 2025 soos deur die GEPF bepaal. Vroeë uitrede is 'n belangrike besluit wat deeglike finansiële oorweging verg. Dit is raadsaam om professionele advies in te win om te verseker dat u aftreevoordele en toekomstige inkomste optimaal benut word.

Portfire Privaat Portefeuljes (Pty) Ltd bied persoonlike, gefokusde advies aan staatsdienslede wat hierdie opsie oorweeg. Om van Portfire se diens hiervoor gebruik te maak stuur 'n whatsapp boodskap met die woorde "bedank" of "retire" gevolg deur u Naam en Van na 082 375 2247 of 082 556 3403 voor 14 November 2025.

Portfire Privaat Portefeuljes (Pty) Ltd is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste. FSP nommer 50779.

TEN BATE VAN SANDVELD MUSEUM

HANDELSPOS MARK

BY HANDELSPOS 2 MUSEUM, LAMBERTSBAAI

15 NOVEMBER, 10:00 - 13:00

GRATIS TOEGANG

GEBAKTE PRODUKTE HANDWERK & KUNS JUWELE KOS & DRANKIES

BESPREEK JOU STALLETJIE BY TEEN R100 BY HELGA BOUWER - 066 208 6234

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

VREDENDAL:

Vredendal-Noord Primêr
A Night of Masks and Mystery
Vrydag, 7 November
om 19:00
by Idma@Kapel

VANRHYNSDORP:

Colour Run or Walk
ten bate van
Hoërskool Vanrhynsdorp:
Saterdag, 8 November
07:30
Kontak 072 180 6824

CLANWILLIAM:

Moraviese Kerkbasaar
Saterdag, 8 November
09:00
Moraviese Kerk, Clanwilliam

CLANWILLIAM:

Dorpsmark
Saterdag, 8 November
08:00 - 11:00
Grasperk langs biblioteek

VREDENDAL:

Gholfdag

ten bate van Because We Care
Saterdag, 8 November
om 08:45

Vredendal Gholfsklub

Navrae: 083 979 5730 / 083 475 6705

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:

Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:

Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:

Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:

Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei1@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:

027 213 2074
acc.onskontrei1@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Jou vreemdste afspraak

Matteus 24:43-44 "Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." (Afrikaanse Vertaling 1953).

"Die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie." Die vreemdste hiervan is dat Hy, die Seun van die mens, dit self vir ons sê! "Verwag My juis

wanneer julle My nie verwag nie."

Skryf maar hierdie afspraak van Christus gedurende die Adventstyd op. Skryf dit met rooi letters in jou dagboek vir die komende Kersfees maand. As jy dink dis nodig, skryf dit met lipstiffie oor jou kamerspieël. Skryf dit oor elke komende dag van jou lewe: "My afspraak met die komende Seun van die mens is miskien vir vandag, miskien vir vannag maar in elk geval juis nie in die tydsgleuf wat ek vir Hom in my besige program wil inruim nie. Hy gaan my soos 'n dief verras." Bly waaksaam ... gedurig!

Miskien wil ons nog waaksaam wees om te luister na die voetstappe van die komende Christus in gróót dinge: oorloë, terroriste-aanvalle, dinge wat die wêreld ruk? ... Maar wanneer daardie voetstappe sag, verskriklik gedemp, byna onhoorbaar naderkom soos 'n dief s'n wat op sy tone nadersluip, wat dan...? Dis wanneer die lewe gewoonweg voortgaan met eet en drink en troues, soos in Noag se tyd ... en: Is dit nie juis dán wanneer Christus kom soos Hy met ons afgespreek het nie onverwags?

Doktor Paul Kruger

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na:

redakteur.onskontrei1@gmail.com

en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.

Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Beheer en bestuur deur die munisipale bestuurder en hoofde van afdelings in Matzikama Munisipaliteit

Met hierdie skrywe wil ek repliek en antwoorde van alle bogenoemde 'leiers-figure' ontvang in die volgende uitgawe van die streekskoerant. Ek skryf 'n brief waar almal dit kan lees en ook waar almal bewus is van die swak bestuur van 'n organisasie wat meer en meer geld opeis van die inwoners en wat minder en minder doen en dienste lewer. Ek en my eggenote woon vir 46 jaar in Klawer en nog nooit het ons die swak bestuur en gemors deur die munisipaliteit ervaar soos tans nie. Nie dat ons die enigste dorp is wat dit so ervaar nie - NEE, alle dorpe onder die jurisdiksie van Matzikama Munisipaliteit ervaar dieselfde gemors. Waar ons tussen 08:15 en 08:30 werkers sien drentel na die munisipale 'yard' (soos hulle dit noem) - totdat hulle om 09:00 weer begin verskyn, sonder gereedskap en werktuie soos grawe, ensovoorts. Hierna verdwyn hulle net in plekke waar hulle onopspoorbaar is en NIE hoef te werk nie. Hier is natuurlik geen toesighouers en beheer deur 'n senior amptenaar nie. Wat natuurlik nie snaaks is nie, want die hoofde van die afdelings waaronder hulle resorteer, is self nie te vinde nie. Nou wil ek maar net 'n opmerking maak: waarom sou 'n organisasie salaris betaal aan sulke mense?

Dank almal af en gebruik dan die geld vir mense wat jy weekliks kan 'in huur' en dan die werk so gedaan kry. Ek ry 'soms' oor die brug in Vredendal. Wat 'n gesig? Onversorg en vuil. Die pype wat maande gelede in 'n ongeluk beskadig is, lê nog net so in wanorde. Van die gate in strate moet ek seker nie eintlik praat nie, want 'ONS' het mos darem die twee hoofstrate in Vredendal 'oorgedoen'. Julle lamsakkigheid skry ten hemele. In Klawer waar nie oral sentrale riolering beskikbaar is nie, word ons maandeliks aangeslaan met 'n beskikbaarheidsfooi. Op 'n dag wou ek by die munisipale bestuurder weet op watter gronde hulle ons daarvoor kan aanslaan en dit neerkom op diefstal? Raai net wat was Phillips se antwoord: "Dan moet jy 'n saak van diefstal gaan maak by die plaaslike polisie." Flagante voorbarigheid en ongeskiktheid! Hierdie is die tipe optrede wat ons inwoners warm onder die kraag maak. Omdat die amptenare nie opgelei is in hulle poste nie - en natuurlik salaris ontvang wat alle verstand te bowe gaan - dink hulle dat hulle alle mag in pag het. Die vergadering ter inligting van die 'slim-meters', wat in die raadsaal gehou is, was so 'n mislukking en vol beloftes van 'Ons sal uitvind en terugkom na julle toe.' Lekker

lag ek nou: daar het niks van gekom nie en my aanname dat Eskom die munisipaliteit dwing om die meters te installeer was toe ook korrek. Die skuld aan Eskom het te hoog geword en diefstal van krag kon nie beheer word nie. Strandfontein se kampeerarea? Sou dit nie wenslik wees om 'n ander naam daaraan te gee nie? Ek skaam my om te sien hoe verwaarloos die kampeerplekke is. Wat doen julle met die duisende rande wat mense moet betaal om 3 weke vooruit te bespreek? En die fooi wat Madeliefie Makietie moes betaal om die grond te kon gebruik? 'n Opgevoede en opgeleide klerk ploeg daardie geld terug in die kampeerplekke om trots te probeer terugkry. Ek en my eggenote gaan kamp aan die Suidkus - en ook vele van ons vriende, omdat daardie oorde netjies en versorg is - met sekuriteits toegangsbeheer. Meneer Phillips jy is in beheer en ek spreek maar net 'n paar sake aan, maar jy en jou amptenare sal moet antwoorde gee asseblief. Daar is 'n sêding van 'Stilbly is ook 'n antwoord' - maar dit is net onnosel mense wat so reageer. Spreek en praat julle saak man! Ons sien uit na julle 'ongeligde' antwoorde.

Dr SP Tredoux

Waar is die trots

Ek besoek Lambertsbaai al vandat die polisiestasie destyds daar opgerig is - en ek sê met trots dat dit nog altyd een van die mooiste stasies in Suid-Afrika is. Die gebou self is 'n trotse simbool van ons dorpie se geskiedenis en gasvryheid. Maar ek kan nie help om te wonder nie - is die polisielede self nog trots op hierdie pragtige gebou? Voor die stasie is daar 'n parkeerterrein waar sand op hoop en die dreine loop letterlik op die sypaadjie uit. Van die letters aan die voorkant van die gebou is selfs af. Lambertsbaai se mense is trots op hul dorp - kan ons nie almal saam bietjie trots wys nie? Beste polisielede, julle werk by 'n besonderse stasie. Tel daai papiertjie op as julle verbystap, of plak daai letter terug. Dit is klein goedjies wat weer groot trots kan bring.

Anoniem

Leerders kuier by tehuis vir bejaardes

Leerders van Hoërskool Vredendal het Vredendal Tehuis vir Bejaardes besoek. Hulle kom met hul jong vreugdigheid en kom maak vir ons musiek en sing vir ons. Deel ook mooi kaartjies en soetgoedjies uit. Kyk hoe het die horlosie teruggedraai. Vroeër was dit ouma en oupa wat die eetgoedjies uitgedeel het, nou is dit hulle. Inwoners kon met hul gesels ook. Interessant om te hoor van vakkeuses, en hoe hul hoërskoolloopbaan daar uitsien. Hulle is veral bevoorreg om puik musiekonderrig te ontvang. Juffrou begelei met klavier, terwyl leerders met snaarinstrumente volg. Baie mooi gesing ook vir ons. Het ook gesels met sommiges, veral met Carla. Vir haar vertel van die slim oom Peter wat by ons is, en toe gaan gesels oom Peter sowaar met haar. Carla het haar been beseer in 'n fratsongeluk. Sy is gevra om vir ons daarvan te vertel. Sonder mikrofoon was haar

stem duidelik en elke woord hoorbaar. Dit komplementeer haar skoolopvoeding. Dankie Hoërskool Vredendal dat jul aan ons gedink het. Ons waardeer dit van harte. Sterkte met die eksamens en al jul werksaamhede.

Julene Stephan

"We should give our elders the respect and dignity they deserve, for they have made our lives possible." - Belle Vie Care

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK- INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. AKKOMMODASIE
25. REKENAARS
26. KANTOOR-TOERUSTING
27. BOUMATERIAAL
28. BOUWERK / VERF
29. VERVOER
30. AKKOMMODASIE
31. TE HUUR
32. SEKURITEIT / WAPENS
33. FIETSE
34. MASJINERIE/ IMPLEMENTE
35. ONDERDELE / ENJINS
36. MOTORHERSTELWERK
37. SLEEPWAENS
38. MOTORFIETSE
39. WOONWAENS
40. VOERTUIG
41. EIENDOM
42. BETREKKINGS
43. BLINDINGS
44. ELEKTRIESE-WARE
45. GRASSNYERS
46. TE KOOP
47. TE RUIL



PASELLA ADS
WORD GRATIS GEPLAAS
Geen handelaars.
Slegs 10 woorde
per advertensie en
advertensie sal slegs 1
keer herhaal word.

WERK GESOEK: Nagwag op
soek na werk. Bereid om huise
en besighede op te pas. 078
866 9707.

Lees
Ons Kontrei
aanlyn by
www.onskontrei.co.za

Wil jy graag
weet wat gebeur
in die omgewing?
Besook dan gerus
ons aanlyn-
kalender by
www.onskontrei.co.za

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER NUMBER T3677/2019

passed by **KATRINA OORDTMAN**
Identity Number: 460304 0091 081
Unmarried

in favour of **MARIA MAGDALENA WILLIAMS**
Identity Number: 501121 0126 084
Unmarried

In respect of certain ERF 2019 VREDENDAL, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VANRHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town, within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at VREDENDAL on 24 OCTOBER 2025

SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC
3 Dorpsstraat, Vredendal, 8160
aktes@swanepoelprok.co.za
027 213 1011



Begrafnisdienste

Vredendal

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begrafniskennisgewings

BASSON

BARRY

23/01/1971 – 01/11/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag

08 November 2025 vanuit die huis te Namakwalein

1, Lutzville om 09:00. Kerkdiens in die

Gemeenskapsaal, Uitkyk, Lutzville om 10:00.

Teraardebesteding Kleinplasie Begraafplaas.

FILANDER

SANNA

11/05/1946 – 30/10/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag

08 November 2025 vanuit die huis te

Hibuskusstraat Uitkyk om 09:00. Kerkdiens in die

V.G.Kerk, Lutzville om 10:00.

Teraardebesteding, Kleinplasie Begraafplaas.

KOOPMAN

HENDRIENA

16/06/1955 – 03/10/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag

08 November 2025 vanuit die huis te Hoogstraat 297,

Vredendal om 10:00. Kerkdiens om 10:00

Teraardebesteding Vredendal-Noord Begraafplaas.

MULLER

KATRIENA

16/10/1972 – 26/10/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Sondag

09 November 2025 vanuit die huis te Draaihoek

Plaas, Vredendal om 09:00.

Teraardebesteding Vredendal-Suid Begraafplaas.

WATERMEYER

SANNA

24/12/1955 – 29/10/2025

Begrafnisdienste vind plaas op Saterdag

08 November Huisdiens om 09:00.

Teraardebesteding, Loeriesfontein Begraafplaas.

Die stories van die biblioteke wat nooit vertel word nie

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CEDERBERG: Die Landelike biblioteke het Don-
derdag, 30 Oktober Bejaardemaand afgesluit met 'n
dag van stories, glimlagte en gemeenskapsgees.

In dorpe waar gemeenskapsbande nog sterk voort-
leef, het biblioteke weereens bewys dat hulle die hart
van hul gemeenskap is. Bejaardemaand is afgesluit
met programme wat die lewe van baie bejaardes 'n
bietjie ligter maak het. Die biblioteke in same-
werking met Kankerbewusmakingsmaand-projekte
het die afsluiting moontlik gemaak.

In Algeria het Brenda Fortuin, bibliotekaresse vir Al-
geria - en Wupperthal Biblioteke as gasspreker
opgetree. Onder haar leiding het die vroue van
Algeria die inisiatief geneem en 'n inspirerende pro-
jek van stapel gestuur waar bejaardes met etes en 'n
bederfdag onthaal is. In Wupperthal het Carol
Kianda, assistent-bibliotekaresse al op 23 Oktober
begin met 'n Kankerbewusmakingsmaand program.
Donderdag het Kianda uitgereik na bejaardes deur
by hulle huise besoek af te lê en vir hulle simboliese
lintjies aan te steek. Dit was 'n eenvoudige, maar
krachtige gebaar van sorg en solidariteit.

Wilma George het in Elandsdorp haar merk gelaat
deur op haar eie 'n Bejaardedag aan te bied. Gaste
sê dit was 'n groot sukses. George se toewyding en
gemeenskapsgees het 'n diep indruk gemaak.

Die koördineerder vir Landelike Gebiede, Johan
Muller het sy waardering teenoor hierdie toegewyde
dames uitgespreek en die EPWP werkers wat met
ondersteuning en harde werk die dag moontlik
gemaak het, bedank.

"Ons wens is dat die werk van Landelike Biblioteke
sal voortgaan om uit te brei na plekke soos Lei-
poldville en Paleisheuwel en dat hierdie inisiatiewe
sal aanhou om positiewe sosiale ontwikkeling en
opheffing in ons gemeenskappe te bring," het Muller
gesê.

30 Oktober het bewys dat biblioteke meer as net

plekke vir boeke is. Dit is die hartklop van die
gemeenskappe.



**Personeel van Algeria Chanel Viljoen, Darelle
Atkins, Nico Hanekom en Brenda Fortuin.**

**A TRIP TO
THE LIBRARY IS LIKE
COMING HOME
AND GOING
ON AN ADVENTURE
AT THE SAME TIME.**

... MEGAN SHEPHERD ...

matzikama



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

NOTICE/KENNISGEWING

NOTICE IN TERMS OF SECTION 116 (3) OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003) FOR THE PROPOSED AMENDMENT TO T11:2024/2025 (VREDENDAL ROADS MAINTENANCE CIVIL WORKS – PHASE I)

Notice is hereby given in terms of Section 116 (3)(a) and (b) of the Local Government Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) that it is the intention of Matzikama Municipality to amend the existing contract.

Description: EXTENT PERIOD OF THE CONTRACT

Contractor: MARTIN & EAST (PTY) LTD

Reasons for the proposed amendment: Council previously approved the expansion of Contract T11:2024/2025 following the allocation of R13,260,000 from the Department of Infrastructure (DoI) for the 2025/26 financial year.

